

VOLKSLIEDERE.

Deur Dr. LYDIA VAN NIEKERK.

DIÉ meeste lande besit een of meer liedere wat bij publieke en gesellige samekomste gesing word, en waardeur een nasie van die ander kan onderskei word. Die Vlaminge het hulle kragtige lied „Die Vlaamse Leeuw,” en die Hollanders sing „Wie Neerlands bloed” en liefs nog die „Wilhelmus.” Baie verskillend is die redes vir die gehegtheid van ’n nasie aan sijn nasionale lied of volkslied. ’n Mens kan byv. nie ontken nie dat die honderdjarige sukses van Tollens se „Wie Neerlands bloed in de aderen vloeit” minder aan die gedagtegang of litteraire waarde moet toegeskryf word dan aan die populariteit van die wijsie. Die „Wilhelmus” aan die ander kant het as dit ware ontstaan met die Nederlandse volk; dit was een van die vroegste liedere gebore uit die ontsaglike worsteling met Spanje, en het op aangripende manier uiting gegee aan die innige vroomheid en die vurigste hoop van die Geuse. Geen wonder dat dit die geliefde lied was van die vryheidsoorlog, en nog lang daarna in eer gebly het. Die agtiende eeuw was van ’n ander opinie, maar die neentiende het weer bijgedraai en die Wilhelmus is vandag weer die belangrikste volkslied van Holland. Die band tussen lied en volk is dus suiwer histories; en wat daarin staat, pas glad nie op vandag se Hollandse toestande nie.

Sentiment speel werklik ’n baie groot rol bij ons voorkeur vir ’n lied. In ons eie land het ons ’n voorbeeld daarvan in die Transvaalse volkslied. Dit spreek wel op ’n manier vaderlandsliefde en vryheidsin uit, maar, objektief beoordeel, kan „Kent gij dat volk” op geen letterkundige skoonhede aanspraak maak nie. In die tweede helfte van die eerste vers is die Transvaler self aan die woord; maar as dit ook die bedoeling is in die eerste helfte, dan word die woorde tot lelike grootpraterij. In die derde vers weer is dit vernederend vir ’n Transvaler om te moet sê dat hij sijn vryheid besit omdat sijn staat „door ’t machtig Brits bewind weleer voor vry verklaard” was. Die tweede vers, met sijn verheerliking van ons land, geval nog die beste; maar ag, wat ’n lelike opeenhoping van medeklinkers in ’n reël soos „waar de natuur haar wonderen wrocht en kwistig stelt ten toon!” So ook in „’t machtig Brits bewind.” Dit het moeite gekos toe ons as klein kinders ons tong aan dié gimnastiek moes wen. En tog! Met al die foute, met sijn volslae gebrek aan digterlikheid, is „Kent gij dat volk” samegegroeï met die vesels van ons bestaan. Dit laat ons gedagtes teruggaan na prettige skooltjies, vrolike pieknieks en plegtige feesdae; dit is vir ons ’n simbool van die dae toe ons ook ons kon verheug in politieke selfstandigheid, toe ons ook ons eie heil op staatkundige en maatskaplike gebied op eie trant kon uitwerk, en ons kop kon omhoog hou in eie land; met een woord, daardie min litteraire vers was inderdaad ons ware *volkslied*, en nog altijd veroorsaak dit ondraaglike pijn wanneer dit onder die so veranderde omstandighede deur onnadenkende gesing word. Soveel doet sentiment.

Natuurlik sou die besit van ’n volkslied nog meer voldoening gee, as sijn waarde nie enkel van assosiasie of gewoonte afhang nie, maar bepaal word deur die mate waarin dit ’n trouwe vertolking van die volksgeesindheid in passende vorm gee. So ’n lied besit ons, en tog is dit min bekend en word dit selde gesing. Ek bedoel „Een ieder nasie het sijn land,” wat in sijn geheel as volg lui:—

’n Ieder nasie het sijn LAND,
Ons woon op Afrikaanse strand.
Vir ons is daar geen beter grond
Op al die wijse wêreldrond.
Trots is ons om die naam te dra
Van kinders van Suidafrika.

’n Ieder nasie het sijn TAAL,
Ons praat van Kaap tot in Transvaal
Wat almaal maklik kan verstaan;
Wat gaat die ander tale ons aan?
Ons praat soos Pa en Oupapa
Die landstaal van Suidafrika.

’n Ieder nasie het sijn WET,
Wat goed gebied en kwaad belet;
En elk se wet is na sijn aard
En gaat met sijn natuur gepaard;
So volg ons ook die sede na
Wat thuis hoort in Suidafrika.

’n Ieder nasie het sijn REG,
Al is hij nog so swak en sleg;
Daar is een oog wat alles merk,
Hij set die onreg paal en perk.
Hij kijk ook ons verdrukkers na,
En waak ook vir Suidafrika.

’n Ieder nasie het sijn TIJD
Om op te groei en af te slijt;
En soos ons lieve Heer dit doet,
So is dit altijd wijs en goed.
Daar kom ’n dag vir ons ook, ja;
Vertrouw op God, Suidafrika.

Want al die nasies het één God.
Hij reël ieder volk se lot;
Hij het vir ieder volk sijn taal,
Sijn land, sijn reg, sijn tijd bepaal.
Wie dit verag, sal Sijn straf dra.
O God, beskerm Suidafrika!

Erfstuk uit die eerste dae en strid vir die regte van Afrikaans, is dit nou nog uiters geskik vir volkslied. Aan die opstel daarvan het gewerk C. P. Hoogenhout, A. Pannevis en D. F. du Toit, terwyl ds. S. J. du Toit klein veranderinge aangebring het. Die vers gee uitdrukking aan ons regmatige trots op ons land, taal en regte, sonder in oordrijving te vervall. Hierbij pas die eenvoud van toon, wat nêrens onderbreek word deur ongewenste elemente nie. Mooi vat die laaste strofe die gedagtes van die voorafgaande weer same en bekroon die gedig, terwyl die gebed in die laaste reël tegelijkertijd wijding gee aan die geheel.

Inderdaad, hierdie gedig verdien baie meer waardering dan dit krij, en dit is te hope dat A.T.V.-takke e.a. hulle sal bejwer om dit meer bekend te maak. Die wijsie is gemaak deur mnr. Jan de Villiers van die Pêrel, wat so baiekeer die eerste voorstanders van Afrikaans ondersteun het met sijn talent. Die musiek staan in die „Afrikaanse Liederbundel” samegestel deur dr. Mansvelt. Ongelukkig ontbreek daar die laaste twee koeplette, wat, na mij mening, met die eerste twee juis die beste van die gedig uitmaak.

Dit is duidelik dat die skrywers van hierdie volkslied hulle in hoofsaak besig gehou het met die staatkundige sijn van ’n volk se bestaan. In hierdie opsig kom die lied ooreen met die nasionale liedere van die meeste volke. Maar daar is ander waarin gehegtheid aan die vaderland en sijn aantreklikhede in mooi lie-riese ontboeseming gegee word; en hulle is glad nie die mins betekenende nie. Van dié soort is die volgende strofes uit ’n nuwe Afrikaanse volkslied:—

Uit die blouw van onse hemel, uit die diepte van ons see,
Onr ons ewige gebergte, waar die kranse antwoord gee,
Deur ons ver verlate vlaktes met die kreun van ossewa,
Ruis die stem van ons geliefde, van ons land Suidafrika.

In die merg van ons gebeente, in ons hart en siel en gees,
In ons roem op ons verlede, in ons hoop op wat sal wees,
In ons wil en werk en wandel, van ons wieg tot aan ons graf,
Deel geen ander land ons liefde, trek geen ander trouw
[ons af.

In die songloed van ons somer, in ons winternag se kou,
In die lente van ons liefde, in die lamfer van ons rouw,
Bij die klink van huwliksklokkies, bij die kluitklap op
[die kis—
Streel jouw stem ons nooit verniet nie, weet jij waar jouw
[kinders is.

In sangerige verse vertolk die digter hier wat onafskedelik is van ons bestaan in Afrika. Hij het ’n oor en oog vir ons land en ons gewoontes, en ons voel dat sijn aandoening direk uit die hart vloeï—daarom verower die reëls ons dadelik. Dit is ’n verlies om net hierdie fragment te ken. Sou die onbekende digter nie aan DIE HUISGENOOT die ontbrekende strofes en sijn naam wil stuur nie? Dan is ons weer ’n mooi lied rijker, en ons sal hoop dat binnekort passende musiek daarbij sal gekomponeer word.